


# RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017



PSG GROEP BEPERK

**HERHALENDE WESENSVERDIENSTE** ↑ 18% tot **R9,27** per aandeel

**DIVIDEND VIR DIE JAAR** ↑ 25% tot **R3,75** per aandeel

**SVDD-WAARDE** van **R240,53** per aandeel op 11 April 2017

**WESENSVERDIENSTE** ↑ 50% tot **R10,01** per aandeel

## OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in industrieë soos bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel en verwante sake, asook vroeëfase-beleggings in groeisektore. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R51mjd. Die meeste van PSG se sleutelbeleggings het gedurende die oorsigjaar goed presteer.

## RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe waarvolgens PSG prestasie meet, is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende wesensverdiens*te per aandeel, aangesien langtermyn groei in PSG se SVDD-waarde en aandeelprys sal afhang van onder meer volgehoue groei in die *herhalende wesensverdiens*te per aandeel van ons onderliggende beleggings.

## SVDD

Die berekening van PSG se SVDD-waarde is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit aangesien 90% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 28 Februarie 2017 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R240,87 (2016: R186,67), wat 'n styging van 29% verteenwoordig. Op 11 April 2017 was dit R240,53 per aandeel.

Bate/Las	28 Feb 2015	29 Feb 2016	28 Feb 2017	11 Apr 2017	Deel van totaal
	Rm	Rm	Rm	Rm	
Capitec*	14 549	16 820	25 727	26 491	49%
Curro*	6 236	9 773	11 180	10 098	18%
PSG Konsult*	5 710	5 441	6 084	6 237	11%
Zeder*	3 712	2 815	5 398	5 528	10%
PSG Alpha (voorheen PSG Private Equity)*	1 246	1 367	1 909	2 003	4%
Dipeo*	603	557	812	807	1%
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)**	1 398	1 510			
Ander bates (kontant en voorkeuraandeel-beleggings ingesluit)^	2 031	4 358	3 586	3 442	7%
<b>Totale bates</b>	<b>35 485</b>	<b>42 641</b>	<b>54 696</b>	<b>54 606</b>	<b>100%</b>
Ewigdurende voorkeuraandeelbefondsing*	(1 411)	(1 309)	(1 350)	(1 325)	
Ander skuld^	(679)	(949)	(949)	(958)	
<b>Totale SVDD-waarde</b>	<b>33 395</b>	<b>40 383</b>	<b>52 397</b>	<b>52 323</b>	
<b>Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)</b>	<b>204,5</b>	<b>216,3</b>	<b>217,5</b>	<b>217,5</b>	
<b>SVDD-waarde per aandeel (R)</b>	<b>163,28</b>	<b>186,67</b>	<b>240,87</b>	<b>240,53</b>	

\* Genoteer op die JSE Bpk \* SVDD-waarde \*\* Waardasie ^ Boekwaarde

Let wel: PSG se huidige SVDD is beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za).

## HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	28 Feb 2015	29 Feb 2016	Veran- dering %	28 Feb 2017
	Rm	Rm	%	Rm
Capitec	729	989		1 164
Curro	31	58		96
PSG Konsult	214	254		300
Zeder	152	212		275
PSG Alpha (voorheen PSG Private Equity)	59	113		133
Dipeo	45	(28)		(20)
PSG Corporate (PSG Capital ingesluit)	38	69		29
Ander (hoofsaaklik voorkeurdividendinkomste)	51	101		112
<b>Herhalende wesensverdiens</b> te voor befondsing	<b>1 319</b>	<b>1 768</b>	<b>18</b>	<b>2 089</b>
Befondsing (netto van rente-inkomste)	(177)	(148)		(104)
<b>Herhalende wesensverdiens</b> te	<b>1 142</b>	<b>1 620</b>	<b>23</b>	<b>1 985</b>
Nie-herhalende items	432	(250)		160
<b>Wesensverdiens</b> te	<b>1 574</b>	<b>1 370</b>	<b>57</b>	<b>2 145</b>
Nie-wesensitems	(14)	113		17
<b>Toeskryfbare verdiens</b> te	<b>1 560</b>	<b>1 483</b>	<b>46</b>	<b>2 162</b>
<b>Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)</b>	<b>192,3</b>	<b>205,7</b>	<b>4</b>	<b>214,2</b>
<b>Verdiens</b> te per aandeel (R)				
- Herhalende wesens-	5,94	7,88	18	9,27
- Wesens-	8,19	6,66	50	10,01
- Toeskryfbare	8,11	7,21	40	10,09
<b>Dividend per aandeel (R)</b>	<b>2,00</b>	<b>3,00</b>	<b>25</b>	<b>3,75</b>

## VOORUITSIGTE

Ons glo dat PSG se beleggingsportefeulje behoort bogemiddelde opbrengste aan te hou lewer. PSG het tans R1,3mjd kontant beskikbaar vir verdere beleggings.

## DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan ongeveer een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 250 sent (2016: 200 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar, wat die totale dividend op 375 sent (2016: 300 sent) per aandeel te staan bring vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017.

Die finale dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 200 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 231 449 404, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums vir hierdie dividendum is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Dinsdag, 9 Mei 2017
Verhandeling sonder dividend begin	Woensdag, 10 Mei 2017
Rekorddatum	Vrydag, 12 Mei 2017
Betaaldatum	Maandag, 15 Mei 2017

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 10 Mei 2017, en Vrydag, 12 Mei 2017, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

## NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Woensdag, 19 April 2017 op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za) of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of die maatskappy se borgmakelaar. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

**Jannie Mouton**  
Voorsitter

Stellenbosch  
19 April 2017

**Piet Mouton**  
Hoof Uitvoerende Beampte

**Wynand Greeff**  
Hoof Finansiële Beampte

PSG GROEP BPK: Registrasienommer: 1970/008484/06  
JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

**DIREKTEURE:** JF Mouton (Voorsitter)\*, PE Burton^, ZL Combi^, FJ Gouws\*, WL Greeff (HFB)\*, JA Holtzhausen\*, MJ Jooste\* (Alt: AB la Grange), B Mathews^, JJ Mouton\*, PJ Mouton (HUB)\*, CA Otto^ \*Uitvoerend ^Nie-uitvoerend ^Onafhanklik nie-uitvoerend

**MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGISTREERDE KANTOOR:** PSG Corporate Services (Edms) Bpk, 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

**oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, 2196; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**BORGMAKELAAR:** PSG Capital

**ouditeur:** PricewaterhouseCoopers Geïnk